Printed by Creda Communications

# WYSIGINGSWETSONTWERP

**Om die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), te wysig om voorsiening te maak daarvoor dat 'n bevoordeelde van die afslagvoordeleskema registrasie van oordrag van onroerende goed kan bekom deur die vernuwing van die bevoordeelde se skuld aan die betrokke munisipaliteit, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

**Wysiging van artikel 96 van Ordonnansie 20 van 1974 soos gewysig deur artikel 11 van Ordonnansie 17 van 1980, artikel 4 van Ordonnansie 4 van 1983 en Proklamasie No. 147/1993**

**1.** Artikel 96 van die Munisipale Ordonnansie, 1974, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) die woorde ''Die tesourier reik'' met die volgende te vervang:

''Behoudens subartikel (2A), reik die tesourier'', en

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) by te voeg:

(2A) Die tesourier kan 'n magtiging ingevolge subartikel (1) ten opsigte van enige onroerende goed uitreik, indien—

*(a)* die betrokke eiendom gekoop is deur 'n persoon wat vir die eerste keer 'n eiendom gekoop het by die Provinsiale Behuisingsontwikkelingsraad van die Wes-Kaap waarna verwys word in artikel 8(1)*(a)*(i) van die Behuisingswet, 1997 (Wet 107 van 1997), of 'n voorganger in regte van daardie Raad of die munisipaliteit, en

*(b)* die koop in paragraaf *(a)* bedoel in ooreenstemming is met die afslagvoordeleskema waarna verwys word in artikel 3(5)*(b)* van die Behuisingswet, 1997, en

*(c)* die koper 'n beregbare ooreenkoms met die raad aangegaan het waardeur enige skuld aan die raad ten opsigte van agterstallige belasting, fooie en gelde erken word en waardeur onderneem word om die skuldlas af te los op die wyse soos met die raad ooreengekom.

**Kort titel**

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Munisipale Ordonnansie, 1974, 2000.

## VERDUIDELIKENDE MEMORANDUM WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE MUNISIPALE ORDONNANSIE, 1974

Artikel 96 van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), bepaal dat geen oordrag van enige onroerende goed in 'n registrasiekantoor geregistreer sal word nie tensy 'n skriftelike magtiging vir sodanige registrasie deur die tesourier van die betrokke munisipaliteit uitgereik is nie. Die uitreiking van die magtiging (klaringsertifikaat) is onder andere onderhewig aan die betaling van belasting, fooie en gelde. Hierdie artikel beskerm inderwaarheid die belange van munisipaliteite.

Die probleem wat aanleiding gegee het tot die voorgestelde wysiging is dat klaringsertifikate, wat 'n voorvereiste is vir die oordragte van grond aan bevoordeeldes onder die Behuisingsafslagvoordeleskema, geweier word totdat uitstaande skulde gedelg word. In sosiaal-maatskaplike verband beteken dit dat etlike duisende potensiële huiseienaars van die voorheen minder-bevoorregte gemeenskappe nie oordrag van eiendom kan bekom nie.

Die voorgestelde wysiging stel 'n meganisme daar wat dit vir kopers onder die Behuisingsafslagvoordeleskema moontlik maak om oordrag van eiendom te bekom. Die belange van munisipaliteite word terselfdertyd beskerm deur van sodanige kopers te vereis om 'n beregbare ooreenkoms aan te gaan vir die terugbetaling van enige uitstaande belastings, fooie of gelde. Die voorgestelde wysiging is verder in ooreenstemming met die beginsels van bevordering van huiseienaarskap.